

Mei
2011

	Telefoon	Faks
Hermanus	028 313 8000	028 312 1894
Gansbaai	028 384 8300	028 384 0241
Kleinmond	028 271 8400	028 271 4100
Stanford	028 341 8500	028 341 0445
24 Uur Beheerkamer Brandweer	028 313 8000/8111 028 312 2400	

Bulletin

Amptelike nuusbriëf van Munisipaliteit Overstrand

• BYKOMENDE PRODUKSIEBOORGAT IN HERMANUS GESINK

WATERBESPARING VERSKERP

Tydens die Raadsvergadering op Woensdag, 30 Maart 2011, het Burgemeester Nicolette Botha-Guthrie 'n verskerping van waterbesparingsmaatreëls vir Groter Hermanus aangekondig maar ook verslag gedoen oor vordering met projekte om die dorp in die toekoms minder gevoelig vir droogtes te maak.

Vanaf 15 April 2011 is die natlei van tuine tot 'n halfuur per week beperk. Soos wat tot dusver die geval was, stem natlei-ure met straatnommers ooreen. Vir inwoners met gelyke nommers is dit op Vrydae en vir diegene met ongelyke nommers op Saterdag – vir 'n halfuur tussen 18:00 en 06:00.

Burgemeester Botha-Guthrie het gesê die bestaande maatreëls en die toepassing van die eerste vlak van beperkende tariewe het oor die afgelope drie maande tot 'n gemiddelde besparing van 25 % per maand op watergebruik in Groter Hermanus aanleiding gegee sowel as 'n baie geringer daling in die vlak van die dam as wat voorsien is. Die De Bos-dam nadat tans die 20 persent-vlak wanneer die tweede vlak van beperkende tariewe intree.

Planne om watervoorsiening vanuit boorgate te verhoog, wat die opgradering van pompe, die bou van 'n reservoïr om ons suiweringskapasiteit te verhoog asook ander infrastruktuur genoodsaak het, sal teen die einde van

Mei operasioneel wees ondanks probleme wat met een van die produksie-boorgate (GWPO2) ervaar word en dus 'n verlaagde opbrengs tot gevolg het.

Aangesien die suksesvolle en tydige rehabilitasie van hierdie boorgat nie gewaarborg kan word nie, vind boorwerk vir 'n bykomende boorgat tans plaas. Namate infrastruktuur in bedryf gestel word, sal dit die onttrekkingskoers vanaf die huidige 30 l/s na 55 l/s gedurende die volgende maand en daarna tot 60 l/s verhoog, wat die onttrekkingskoers is wat deur die Departement van Waterwese se magtiging goedgekeur is.

Wanneer hierdie boorgat klaar gesink is, sal GWPO2 gerehabiliteer word om sodoende die boorgatveld van 'n bystandboorgat te voorsien. Die bykomende boorgat het geen impak op die boorgatveld se gemagtigde onttrekkingsvolume nie. Laasgenoemde is gegrond op waterbalans-voorspellings en numeriese grondwatermodelle wat die herlaai van die akwifer in ag neem.

Die respons op die onttrekking word met behulp van 'n omvattende moniteeringsnetwerk gemonitor.

Munisipaliteit Overstrand is ook steeds op koers met die implementering van langertermyn-planne om Groter Hermanus minder gevoelig vir droogtes te maak. Aan die einde van volgende jaar

sal ons boorgatvelde in volle produksie wees en in 75 persent van die drop se waterbehoefte voorsien.

Uit 'n ondersoek na die suiwering van rioolwater blyk dit dat só 'n projek uiters lewensvatbaar is en 'n omvattende verslag oor die finansiële aspekte verwant aan die implementering daarvan sal binnekort aan die raad voorgelê word. 'n Ontsoeringsprojek in samewerking met die private sektor word ook in die vooruitsig gestel. Hierdie aanleg sal die dorp se watervoorraad met 1 megaliter ontsoute water per dag aanvul.

Verskeie ander stappe word ook geneem as deel van die munisipaliteit se poging om bewustheid te skep en watervermorsing in te beperk. Een van die stappe is om krane by strande en openbare plekke met vraag-beheerkrane te vervang.

Burgemeester Botha-Guthrie het 'n beroep op die gemeenskap gedoen om alles in hulle vermoë te doen om water te bespaar en vir hulle tuine te herbenut en het bygevoeg dat elke druppel wat vandag bespaar word, môre dubbel soveel werd sal wees.



BRANDWEERDIENS DIEP BEPROEF

MUNISIPALE VERKIESINGS OP 18 MEI

'n Totaal van 45298 kiesers is in Overstrand vir deelname aan die munisipale verkiesings op 18 Mei 2011 geregistreer. Na verwagting sal talle kiesers hul opwagting by die 30 stemlokale in die munisipale gebied maak.

'n Totaal van 118 kandidate ding mee om die 13 setels vir wyk- en 12 vir proporsionele verteenwoordigers (PV) in die nuwe vergrote munisipale raad wat met hierdie verkiesing in Munisipaliteit Overstrand tot stand gebring sal word. Agt politieke partye asook onafhanklikes wedywer om die setels.

Stemlokale sal om 07:00 op 18 Mei open en om 19:00 sluit. Almal wat teen sluitingstyd binne die grense van die stemlokaal is, sal egter toegelaat word om hulle stemme uit te bring. Daar is drie stembriewe: 'n geel PV-stembriewe waarop jy vir 'n politieke party stem, 'n wit een vir die wyksverkieëing waarop jy vir 'n persoon stem om die wyk te verteenwoordig en 'n groen PV-stembriewe vir die distrikmunisipaliteit waarop jy vir 'n politieke party stem.

Onthou om jou groen strepiekode-ID-dokument saam te neem. Jy kan

slegs by die stemlokaal stem waar jy geregistreer is.

Om te kontroleer of en waar jy geregistreer is, kan jy:

- 'n SMS met jou ID-nommer na 32810 stuur (kos R1 per SMS wat ontvang of versend word);
- Na www.elections.org.za of mobi.elections.org.za gaan;
- Die OVK se oproepsentrum by 0800 11 8000 skakel (gratis vanaf 'n landlyn); of
- Die kieserslys tydens kantoorure by jou Munisipale Verkieëingskantoor nagaan.

Verteenwoordigers van al die verskillende brandweerdienste wat middel Maart betrokke was by die bekamping van die Kleinmond-bergbrand, het op Sondag 27 Maart weer byeengekom om die laaste eer te betoon aan die jong brandvegter, Harold Jacobs, wat tydens dié operasie in 'n fratsongeluk omgekóm het. Dit was die eerste keer dat Overstrand Brandweerdienste tydens aktiewe diens 'n lid verloor het. Lede van die diens het na die voorval berading ontvang en is ook op die toneel deur Burgemeester Nicolette Botha-Guthrie en Munisipale Bestuurder Werner Zybrands bemoedig. Berusting is gevind in die feit dat Harold dol was op sy werk en hom reeds in die begin stadium van sy loopbaan as 'n kranige brandweerman onderskei het. Inwoners van Kleinmond het ook meegevoel betoon deur 'n boom by die ingang van die dorp met linte te behang.

HERWINNING SKOP AF IN OOSTE

Vanaf 25 April 2011 kan herwinning vanaf bron ook op Gansbaai en Stanford gedoen word.

Deurskynende vullissakke met al die nodige instruksies in die vorm van 'n nuusbrief is reeds die vorige week wyd versprei, maar diegene wat dit nie ontvang het nie, moet met die munisipale kantore kontak maak.

Wanneer die herwinningsakke vol is, moet dit saam met die swart sakke op die dag van elke betrokke huishouding se vullisverwyderingsdiens uitgeplaas word. Elke huishouding wat 'n herwinningsak uitsit, sal weer 'n deurskynende sak ontvang en dieselfde roetine word dan weer herhaal.

Die herwinningsakke word na die herwinningsaanleg op Gansbaai geneem, waar die inhoud gesorteer en gebaal word.

Van die gebied se inwoners het in plaaslike koerante hul kommer uitgespreek oor die feit dat informele rapers die stortingsterrein belet is en nie meer daar herwinbare materiaal mag bymekaar maak nie. Die munisipaliteit se permitvoorwaardes verbied dit egter en indien dit nie nagekom word nie, kan die

permit deur die provinsiale owerhede teruggetrek word en sal die stortings-terrein moet sluit.

Soortgelyke geleentheid is egter deur die oprigting van 'n herwinningskuur geskep. Die diensverskaffer EnviroServ gebruik werklose persone teen vergoeding om onder beheerde omstandighede die herwinbare materiaal te sorteer.

In die lig hiervan word 'n beroep op alle huisbewoners gedoen om hulle volle samewerking te gee ten einde die projek te laat slaag.

Dieselfde werkswyse word gevolg in die Hangklip-Kleinmond-streek. In Hermanus moet herwinbare materiaal op die tweede verwyderingsdag van die week uitgeplaas word.

Nog 'n diens wat binnekort by oorlaastasies op Gansbaai en Stanford beskikbaar sal wees, is spesiale dromme waarin gevaarhoudende huishoudelike afval, soos ou batterye, langlewe- en fluoresserende gloeilampe, chemikalieë en tuingif gratis geplaas kan word. Die diens bestaan reeds by Hermanus en Kleinmond se oorlaastasies.



Burgemeester Nicolette Botha-Guthrie was onlangs teenwoordig toe titelaktes aan sommige begunstigdes in Zwelihle oorhandig is. Teenwoordig by hierdie geleentheid was (voor) Zoleka Sitemela en Melanie Tanners, (in die middelste ry) Roderick Williams, Direkteur Gemeenskapsdienste, Nowonde Kosani, Bulelwa Hlazo, Burgemeester Botha-Guthrie, Cingelwa Lusiba, Liziwe Molete, Nowindasi Bokolo, Frankie Frans, Behuissingsbestuurder en (in die agterste ry) Piet Konstabel, Siyabuya Mduyulwa, Yoliswa Nel en Goodman Bokolo.

BEWYS VAN HUISEIENAARSKAP

Huiseienaarskap tree net in werking wanneer mens 'n titelakte van 'n eiendom het wat in jou naam geregistreer is. Om verskeie redes het baie begunstigdes van laekoste-behuisingseenhede in die verlede nie hul titelaktes ontvang nie, en dit het 'n impak gehad op hul vermoë om hul lewensomstandighede te verbeter en selfs in die geval van dood op hul boedels.

Munisipaliteit Overstrand het nou 'n bewuste poging van stapel gestuur om werk te maak van hierdie probleem wat heelwat navorsing verg asook verskeie metodes om die oorsake van die probleem op te los. Die Behuissingsdepartement werk ten nouste met die prokureurs saam om aandag aan alle uitstaande oordragte te skenk.

Volgens die Behuissingsbestuurder, mnr Frankie Frans, is die eienaarskap van die oorspronklike grond 'n groot struikelblok aangesien dié grond in

baie gevalle aan die nasionale of provinsiale regering en nie aan die munisipaliteit behoort het nie. Die grond moet eers na die munisipaliteit oorgedra word alvorens oordragte na die begunstigdes kan plaasvind.

Nog 'n faktor is die koste van die oordragproses. Deesdae maak die munisipaliteit 'n finansiële bydrae tot die fooie in 'n poging om te help en die oordragproses te bespoedig. Verdragings is ook deur uitstaande munisipale skuld veroorsaak, en spesiale reëlings is ingestel sodat arm mense die nodige belastingklaringsertifikaat kan bekom.

Oordragte word verder verhoog weens veranderinge aan die begunstigdes se status, en nalating aan hulle kant om inligting oor die nuwe status ten opsigte van sterftes, egskedings en tweede huwelike te verskaf, is ook 'n faktor waarmee die munisipaliteit te kampe het.



ONTWIKKELINGSBOOT VERLAAT HAWE

Na etlike jare van beplanning en voorbereiding is die eerste sooi van die Kleinmond Hawe-ontwikkeling op Woensdag 30 Maart 2011 deur die Burgemeester Nicolette Botha-Guthrie gespit. Dié vyf jaar lange ontwikkelingsprojek ter waarde van sowat R344 miljoen gaan uiteindelik 168 nuwe residensiële eenhede oplewer en 'n verdere 6500 vierkante meter kleinhandelsruimte in die gebied toevoeg. Gepaardgaande daarmee sal hawe-infrastruktuur van R10,9 miljoen en munisipale infrastruktuur van R10,1 miljoen geïnstalleer word. Volgens beramings sal 300 werkseleenthede tydens die konstruksiefase geskep word en uiteindelik 128 permanente poste in die handel en 226 ander poste tot gevolg hê. Munisipale inkomste uit belastinge en dienstegelede sal R2,28 miljoen oor die volgende vyf jaar beloop. "Die boot van ontwikkeling het nou die hawe verlaat," het me Botha-Guthrie gesê. "Ek wens al die betrokkenes 'n voorspoedige reis toe. Nou is dit volstroom vorentoe!" Saam met haar by die geleentheid was onder andere (van links) Edward Appolis, Briand Louw, Johan Pauw, Werner Zybrands, Desmond Makka, Mark Myles, Peter Makka en Charles Swartz.



BEKROONDE VIOLIS OP OAK-VERHOOG



Die bekroonde Russiese violis Andrey Baranov speel op Maandagaand, 30 Mei werke van JS Bach, Beethoven, Tchaikovsky, Van Dijk, Wieniawski en Gershwin in die Auditorium van die Overstrand-burgersentrum op Hermanus. Hy word op die klavier deur sy suster, Maria Baranova, begelei. Baranov het op die vyfde UNISA Internasionale Strykerskompetisie (vioolafdeling) met die tweede prys weggestap. In 2008 wen hy die Tweede Benjamin Britten Internasionale Vioolkompetisie in Londen en in 2009 kry hy die tweede prys by die Seel Internasionale Musiekkompetisie in Korea. Kaartjies is teen R80 en R40 vir studente by Bellini's beskikbaar en kan ook by 028 312 4988 bespreek word.

DO YOU PREFER THIS NEWSLETTER IN ANOTHER OFFICIAL LANGUAGE? SMS your account number with E for English to 082 338 1631

UNGATHANDA LENCWADI YESAZISO-NDABA IBHALWE NGOLUNYE ULWIMI? Thumela i-SMS enenombolo ye-akhawunti yakho kunye no X omele isi Xhosa kule nombolo 082 338 1631

Hoe om te registreer vir die Munisipaliteit se SMS-diens

SMS u rekeningnommer met die letters SMS aan 082 338 1631 of kontak 'n Kliëntediensbeampte by u naaste Betaalsaal.

